AANWYSINGS / INSTRUKSIES

- Aanwysings en instruksies word gewoonlik in bevelvorm gegee. Begin met die werkwoord.
- Gebruik eenvoudige en verstaanbare taal.
- Maak seker dat jou instruksies in die korrekte volgorde gegee word.
- Alles moet duidelik en logies verduidelik word.
- Instruksies en aanwysings is altyd in die teenwoordige tyd.
- Instruksies kan ook genommer word sodat dit maklik is om dit te volg.

Sjokoladelepels

WEES VERSIGTIG
Vra 'n grootmens om jou te help

Maak jou eie sjokoladelepels – dis baie maklik en prettig! Boonop is dit 'n lekker geskenk vir jou maats. Moenie dat die warm sjokolade jou brand nie.

WAT JY NODIG HET

Enige sjokolade waarvan jy hou
Plastieklepels
Waspapier
Fyn gekapte neute – as jy nie allergies is daarvoor nie – en ander klein lekkertjies soos kleurstrooisels

HOE JY MOET MAAK

1 Smelt die sjokolade in 'n bakkie in die mikrogolfoond of in 'n pot op die stoof – onthou om 'n grootmens se hulp te vra.

2 Laat sak jou lepel in die gesmelte sjokolade tot die hele lepel vol sjokolade is.

3 Strooi die neute of lekkers oor die lepel sodat dit aan die sjololade klou.

4 Sit die sjokoladelepel op die was-papier om droog te word.

5 Maak soveel sjokoladelepels as wat jy kan tot al die sjokolade op is.

Ma en Pa sal dit geniet om dit in hul koffie in te roer!

WENKE Jy kan wit- en donkersjokolade saam gebruik sodat jou sjokoladelepels twee kleure het. Dis ook lekker as jy kokiekrummels in die sjokolade gooi voor jy die lepels indruk. Sit die sjokoladelepels in 'n deurskynende plastieksakkie. Bind elkeen met 'n mooi lintjie vas en gee dit vir jou vriende as Kersgeskenk.